

28 Augustus

Skrifgedeelte: Spreuke 4, 5

Fokusgedeelte: Spreuke 2:6

Die wysheid is om te weet hoe om te lewe

Wat is wysheid? Daar is baie antwoorde: om slim te wees, baie kennis te hê, 'n hoë IK te hê. Kom ons waag 'n definisie van wysheid volgens die Bybel! *Wysheid is die kuns om doelmatig in diens aan die Here te lewe volgens die riglyne wat Hy in die Bybel aan die mens gee.* Die wysheid om te weet hoe om te lewe, kom van God af: "Die wysheid van 'n verstandige mens wys hom 'n duidelike koers aan" (Spr 14:8). Hoe om doelmatig te kan lewe, leer jy by God en nie in handboeke nie. Wysheid is alledaagse, praktiese wysheid om die dinge te doen wat jy moet en om dit goed en doelmatig te doen. In jou lewe moet alles gedoen word tot eer van God se Naam (Pred 12:13; 1 Kor 10:31; Kol 3:17; 1 Pet 4:11). Iemand wat *lewenswysheid* van God die Here ontvang, ken die *juiste* manier van geldbesteding; besit die *vermoë* om sy tong en woorde reg te gebruik; beskik oor *insig* in ware vriendskap; beheer al die dinge van sy lewe met *sukses*. Die lewenswysheid wat God gee, stel jou in staat om die samehang van God se orde te eerbiedig. Dit stel jou in staat om in alles rekening te hou met die riglyne van God uit sy Woord. So alleen hou jy rekening met dit wat *mag* en *kan* in die lewe.

Sing: Psalm 86:6

Ds CN van der Merwe (Klerksdorp)